# Antwoorde op vrae wat gereeld gevra word rondom die bestelling van die Toerisme Studiegids.

**V: Grade beskikbaar.**

A: Gr 10, Gr11, Gr12

**V: Is die Toerisme Studiegids in Afrikaans en Engels beskikbaar?**

A: Die Toerisme Studiegids is tans slegs in Afrikaans beskikbaar. Die amptelike vertalingsproses, om die gids in Engels ook beskikbaar te stel, begin in 2021 en sal gereed wees om in 2022 te gebruik.

**V: Beskik die boek oor 'n ISBN nommer.**


Die boeke is deur 'n geregistreerde publiseerder geproeflees en uitgegee. Elke boek beskik oor 'n ISBN nommer en word deur een van die grootste drukkersmaatskappye in die land gedruk – dit verseker dus 'n topgehalte produk.

**V: Hoe lyk die boeke en wat behels dit?**

A: Volkleur boek, gebind (nie ringbind), +- 250 bladsye (verskil van graad tot graad). Dit bevat werkkaarte vir die hele jaar, tesame met klastoetse en huiswerkopdragte per tema. Die leerder gebruik die boek om alle klasnotas in te vul, sovel huiswerk te doen.

Die graad 12 boek het 2017 en 2018 se GDE vraestelle in wat per tema opgedeel is – dus werk die leerder 2 voorbeeld vraestelle onbewustelik die jaar deur, sodat hy/sy 'n werklike idee kan kry van hoe die rekord en eindeksamen se vrae saamgestel is.

(Sien beelde aan die einde van die dokument aangeheg)




**V: Is daar 'n onderwysersgids beskikbaar?**

A: Alle huiswerkopdragte se memo's sal elektronies aan die onderwysers gestuur word. Klastoetse tesame met die memo's daarvan word in PowerPoint formaat aan die onderwyser verskaf. Die antwoorde tot die werkkaarte kan direk uit die PowerPoint skyfies verkry word, aangesien die skyfies en die boek saam opgestel is dien die skyfiereeks as memo vir die werkkaarte wat die leerders voltooi terwyl die onderwyser die les aanbied.

**V: Hoe bekom ek die skyfiereekse?**

A: Volledige bestelvorms is beskikbaar waar u die skyfiereekse kan merk waarin u belangstel en bestel. Wiseel van R20-R30 per skyfiereeks. Skole wat groot bestellings plaas, sal kwartaal 1 se skyfies gratis ontvang. Bestelvorms is beskikbaar op die webwerf **Toerisme Studiegidse en Studiemateriaal werbwerf**

**V: Watter voordele hou dit my as onderwyser in om die gids in my klas te gebruik?**


A: Geen meer afrolwerk, geen meer beplanning en opstel van studiemateriaal nie, met bestellings van 150 boeke of meer per skool, sal die onderwyser voorbeelde van formele assesseringstake vir die hele jaar ontvang wat hy / sy kan gebruik, besparing van tyd, leerders wat afwesig is kan steeds aangaan

| |
|---|
| met die werk en/of huiswerkopdragte, leerders hoef slegs een boek skooltoe toe bring en die handboek wat die skool gebruik kan as bron van inligting by die huis. Indien skole vir sekere grade weer ingeperk moet word vir een of ander rede, sal alle aanlynlesse deur Toerisme Studiegidse en Studiemateriaal verskaf word om seker te bly leerders bly op datum met hul werk. Onderwysers kan slegs die video skakel vir hul leerders aanstuur. |
| **V: Koste van die boek en hoe begroot ons daarvoor.** |
| A: R280 per boek.<br><br>Dit word voorgestel dat elke lleerder sy / haar eie boek betaal, dus hoef die skool nie daarvoor te betaal nie. Leerders werk en maak aantekeninge in die boek en kan dus nie vir 'n volgende jaar weer deur die skool gebruik word nie. Leerders kan nou al gevra word om 25% van hul boek se kostes by die skool in te betaal sodat dit hul boek vir volegnde jaar reserveer. Die skool kan hierdie geld dan gebruik om die deposito te betaal. |
| **V: Hoe werk die bestelling van die boek?** |
| A: Die Finale bestelvorm moet voltooi word deur van die volgende skakels gebruik te maak. Hierdie vorm moet voor of op 3 Augustus 2020 voltooi wees om u bestelling te bevestig.<br><br>Finale Toerisme Studiegids bestelvorm<br><br>Sodra ons jou bestelling verifiëer en bevestig het, sal u 'n epos ontvang met 'n faktuur.<br>Die boeke word September gedruk en daarvoor moet ons reeds teen 21 Augustus 'n 25% deposito vanaf u ontvang sodat u boeke gereserveer word. Slegs 'n beperkte hoeveelheid gaan gedruk word en is dus van uiterse belang dat skole wat hierin belangstel so gou as moontlik die aanlynbestelvorm sal voltooi. |
| **V: Versending** |
| A: Die boeke sal by die adres afgelewer word wat u met die elektroniese bestelvorm ingedien het. Namate die grootte van die bestelling sal die posgeld variëer. Persoonlike bestellings wat minder as 5 boeke behels sal die volle versendingskoste betaal moet word.<br><br>Hoe groter die bestelling hoe minder sal die versendingskoste wees. Hierdie bedrag sal ook op u faktuur verskyn en is eers betaalbaar met die ontyvangs van die bestelling. |

Besoek gerus die webwerf vir meer inligting en aflaaibare dokumente : Toerisme Studiegidse en Studiemateriaal werbwerf

**Voorbeeld van uitleg van die boeke**

**Werkkaarte wat tydens lesse voltooi word in die klas:**









| BASIESE INLIGTING | |
|---|---|
| Geleë in Suid-Afrika: | |
| By watter oseaan is KZN? | |
| Kuslyn : | |
| KLIMAAT = ______________ | |
| Reënval: | Somerreënval -meestal donderstorms |
| Somers: | Warm en vogtig met 'n hoë humiditeit |
| Winters: | Matig met koue nagte, Sneeu soms in die bergstreke. |
| OOR DIE PROVINSIE: | |

**Kwartaallikse inhoudsopgawes:**


Graad 12
Kwartaal 1
Onderwerp
Bl
1) Wêreldgebeure van internasionale belang...................................................... 3
2) Politike situasies en onvoorsiene gebeure...................................................... 7
3) Toerplanne........................................................................................................ 14


Graad 10
Kwartaal 1
Onderwerp:
Bl
1) Inleiding tot toerisme.................................................................................... 3
2) Tipes toeriste.................................................................................................. 10
3) Toeriste profiele............................................................................................. 16
4) Voedsel – en drankinstellings........................................................................ 19
5) Lug- en padvervoer........................................................................................ 29
6) Spoor- en watervervoer.................................................................................. 33

**Informele assesseringstake en breinkos vir interessante feite wat by die lestema aansluit.**








**Moderne en kleurvolle werkkaarte oor alle temas wat leerders tydens die les voltooi. Die skyfies dien as 'memo' vir die werkkaarte.**






**Duidelike prente van die bekendste handelsmerke waarvan leerders moet bewus wees en die aanleer van leertegnieke. Die onderwyser sal deeglike opleiding ontvang hoe om die leertegnieke aan hul leerders te verduidelik. Skakels tot videos waarin die leertegnieke behandel word sal aan onderwysers per e-pos verskaf word wat bestellings plaas.**











**Huiswerkopdragte met 'n sleutel waar onderwysers die kwaliteit van die huiswerk kan aandui. Alle antwoorde vir huiswerkopdragte sal per e-pos aan onderwysers gestuur word wat boeke bestel.**






**Instruksies hoe om die werk te leer om deeglik voor te berei vir eksamens (slegs graad 12)**







**Moontlike eksamenvrae afdelings by elke graad 12 lestema ingesluit. Vrae vanuit vorige GDE vraestelle om leerders voor te berei ter beantwoording van hul Nasionale Senior Sertifikaat.**


10

**Moontlike Eksamenvrae: Internasionale wêreldgebeurtenisse.**
**(Uittreksels van 2017 en 2018 GDE Vraestelle)**

**UITTREKSELS UIT NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT FINALE EKSAMEN VAN 2018 OPGESTEL DEUR DIE DBO.**

**1.1.16** Die beeld van 'n gasheerland wat 'n wêreldgebeurtenis aanbied, sal verbeter wanneer… (1)

A. Beskadigde toegangspaaie en minder toeriste wat die oorde besoek
B. Swaar sneeuneerslae en meer toeriste wat vir 'n ski-vakansie opdaag

**Klastoetse tesame met memo's beskikbaar vir die onderwyser om te gebruik. Spasie om die klastoets te voltooi is by die boek ingesluit na voltooiing van lestemas.**

